LINDENNUUS

15 September 2017

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Saterdag 16 September	Diskus- en gewigstoot kliniek
Sondag 17 September	Lindenkoor: NG Gemeente Fairland
Dinsdag 19 September	Gholf: Ruimsig Dogters A en B-spanne tennis-ligawedstryd
Vrydag 22 September	Seuns A-Span tennis-ligawedstryd

BRAVO! LINDENKOOR SE ATRIUM ADAGIO VERDIEN LUIDE APPLOUS

Die naweek (9 September 2017) se Atrium Adagio-uitvoering van Lindenkoor in die volgepakte Vryburgersaal in Linden, Johannesburg het die gehoor in vervoering gehad. Die koor, van Hoërskool Linden, onder leiding van Duncan Fourie en begelei deur Gert Potgieter, het weereens hulle reputasie gestand gedoen as een van die top skoolkore in die land.

“Om konsert te hou met ses divas en ‘n konsertprogram te lewer van meer as 35 liedere op die vlak wat Lindenkoor dit gedoen het, getuig van ‘n toewyding en passie vir musiek wat min gelyke het,” sê koorouer, Danie Dörfling. Die program het vele hoogtepunte besorg en dit is haas onmoontlik om spesifieke oomblikke uit te sonder. Hierdie musikale reis was propvol emosie, drama, humor en kleur.

Dit was ‘n kragtoer wat ondermeer uitvoerings ingesluit het van Ciribirbin en O mio Babbino Caro deur Loveline Madumo, Rhythm of Love en Gabriela’s Säng deur Veramarie Meyer, Habanera en Reqiuem for a Fallen Soldier deur Minette du Toit, Somewhere en I will pray for you deur Elizabeth Lombard, I feel pretty en Nuns Chorus deur Louette Johnston-Gove asook Linelle Wimbles se aflewerings van Mein Herr Marquis en Ave Verum Corpus. Die ses divas se speelse aflewering van Rossini se bekende Cat Aria/Duet het die gehoor laat skaterlag.

Duncan Fourie vertel dat hy reeds maande gelede aan die samestelling van die konsertuitvoering begin beplan het om die soliste se vokale talente ten volle te benut en Lindenkoor se musikale vermoë, klank en tegniese vaardighede uit te brei. “Nadat ek die program rondom die soliste se stemkombinasies ontwikkel het, het ek insette van elk van die soliste ontvang om die Divas-konsert verder te verfyn en te finaliseer.”

Lindenkoor se begeleier, Gert Potgieter, het meesterlike werk gedoen met verskeie verwerkings van die bestaande musiek sodat die soliste en Lindenkoor deur ‘n professionele ensemble ondersteun kon word. Die ensemble het is saamgestel uit Dorota Swart (Viool 1) , Kabelo Motlhomi (Viool 2), Andrea Erasmus (Altviool), Thys Spies (Tjello), Malane Hofmeyr-Burger (Fluit), Gert Potgieter (Klavier) en Ziaan Hattingh (Perkussie). Potgieter is ook die hoof van Hoërskool Linden se musieksentrum.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

“Lindenkoor het tydens hulle Junie/Julie-Kaaptoer die musiek begin instudeer en het die afgelope weke met hulle uitvoerings van die musiek begin sing om vetroud daarmee te wees en om met selfvertroue te kon optree saam met die professionele musikante,” verduidelik Fourie.

Gelukwensinge het na afloop van die 2017-Atrium Adagio begin instroom met verskeie konsertgangers wat van mening is dat dit in 24-jaar “die beste Atrium nóg was”. Loveline Madumo, wat reeds 21 keer as solis saam met Lindenkoor opgetree het, sê sy is elke jaar verras om te sien wat met dié koor vermag word en die uitstaande klank en kwaliteit wat uit kinderstemme ontgin word.

Koorlede tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar het verstom deur komplekse musiek en woorde in verskeie tale te memoriseer - van Engels, Italiaans, Duits, Frans tot Latyns - en om dit dan in agt stemgroepe uit te voer! “Met die Atrium Adagio het Lindenkoor beslis sy reputasie as klassieke koor gestand gedoen,” sê Cecilia Marais, koorbestuurder.

Shani Grobler, een van die konsertgangers, sê Lindenkoor het haar “bekoor”. “Dit was ‘n belewenis waarvan die geesdriftige applous na elke lied getuig het.”

Nog ‘n konsertganger, wat deel was van ‘n groep van Bryanston Parallel Medium Laerskool wat die Atrium bygewoon het, het laat weet dat sy oortuig is “Lindenkoor is wêreldklas.” Haar indrukke is dat “die koor baie goed afgerig is, musikaal uitmuntend. Dit was ‘n wonderlike aand met vele hoendervleis-kry oomblikkke.” Mnr. Roelof Kachelhoffer, skoolhoof van Bryanston Parallel Medium, wat dertig gaste na die Atrium Adagio gebring het, sê: “Die optrede van Lindenkoor saam met die ses soliste was puik. Die gemeenskap en ouers van Lindenkoor behoort uiters trots te wees. Soveel sukses kan net moontlik wees deur bitter harde werk en toewyding. Dit is ‘n riem onder die hart om die deelname van soveel seuns te sien. Ek glo Hoërskool Linden waardeer die ontsettende waarde wat die Lindenkoor, mnre. Duncan Fourie en Gert Potgieter tot die skool bydra.”

“As koorouers wil ons, ons dank aan die hele Lindenkoorspan betuig. Nie net die blootstelling nie, maar ook die hegte bande wat binne die koorfamilie gesmee word, is ‘n besonderse belewenis. Dit is jaar na jaar verstommend om te sien hoeveel oud-Lindenkoorlede na uitvoerings stroom en steeds ‘n belang en betrokkenheid by die koor handhaaf. Die tradisionele deelname van oud-lede aan die einde van elke konsert vertel sy eie verhaal van die waarde van Lindenkoor. Bande wat hier gesmee word en die voorreg om groot oomblikke soos dié te beleef, kan nie verreken word nie. Ons sien uit om volgende jaar deel van Lindenkoor se 25ste bestaansjaar-vieringe te wees,” sê Anita Snyman.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

SPORT

Fast 5 Netbal

Hoërskool Linden se o.15- en o.18-span behaal beide 'n sewende plek by die Gauteng-kampioenskappe. Baie dankie aan juf. Ronelle Nell, Maryna Liebenberg en Jo-Ann Smit wat hierdie spanne afgerig en deurgaans gemotiveer het. Welgedaan meisies!

Tennis

- **Bethlehem Inter Africa Bureau de Change Hoërskole Toernooi**

Hoërskool Linden was weereens 'n gedugte teenstaander by die jaarlikse Bethlehem-tennistoernooi. Baie geluk aan elke speler wat Linden se naam hoog gehou het.

Hoërskool Linden behaal die volgende algehele plekke op die toernooi:

Seuns A afdeling:	Linden 1 eindig 3de
Seuns B afdeling:	Linden 3 eindig 3de
	Linden 2 eindig 5de
Dogters A afdeling:	Linden 1 eindig 6de
Dogter B afdeling:	Linden 2 eindig 5de

#Lindentrots!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

- **Tennisliga**

Dogters: A span wen 37 – 26 teen Heronbridge
B span wen 40 – 23 teen Heronbridge

Seuns: A span wen 69 – 39 teen Edenvale

Atletiek

Woensdag se Blits-byeenkoms was 'n dawerende sukses (...en lekker 'wacky' ook 😉).
Die volgende Blits-byeenkoms vind 25 Oktober plaas. Dié keer kombineer ons dit met 'n *colour run*.

Vir meer inligting oor Linden Atletiek en die Blits-byeenkomste, kontak vir:
Dané van der Linde: dane.vanderlinde@linden.co.za
Luvan Viljoen: Luvan.viljoen@linden.co.za

Atletiekprogram

Alle atlete word versoek om asseblief te kom oefen.
Atlete van omliggende laerskole is welkom om nou reeds by Linden Atletiek te kom oefen.

Item	Tye	Maandae	Dinsdae
Naellope	14:30 tot 15:30	X	X
Hekkies	15:30 tot 16:30		X
Middelafstande	14:30 tot 15:30	X	X
Verspring	14:30 tot 15:30	X	
Hoogspring	14:30 tot 15:30		X
Spiesgooi	14:30 tot 15:30		X
Diskusgooi	14:30 tot 15:50	X	
Gewigstoog	14:30 tot 15:30		X
Kondisionering	14:30 tot 15:30	Naellope en hekkies	Worpe

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

KULTUUR

Lindenkoor Oudisies

Artes

Die Artes spog met die room van die skool se kultuurtalent, aangesien daar van elke deelnemer verwag word om 'n streng oudisieproses te slaag.

Inskrywings sluit 29 September en moet soos volg ingehandig word:

- Skryfkunsstukke by me. Z. Jordaan.
- Beeldende Kunsstukke by me. A. le Grange.
- Uitvoerende Kuns inskrywings me. C. Fourie.

Uitdunne vir Uitvoerende Kuns vind plaas op 10 Oktober.

Finaal vind plaas op 12 Oktober.

Rig navrae aan: Da Nielle Jordaan
danielle.jordaan@linden.co.za

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.